



INHOUD

1. Veranderinge aan USAF se Raad van Trustees
2. Voorsittersverslag
3. Finansiële state
4. Beleggings van die Fonds
5. Die Fonds se verstek-lewensfase beleggingstrategie en ander beleggingsopsies
6. Sanlam Aftreefonds-webwerf en Sanlam-toep – jou toegang tot USAF
7. Bedryfsnuus
8. Die impak van vroeë onttrekking by aftrede
9. Inligtingsessies oor finansiële welstand vir lede van 53 jaar en ouer
10. Opsies by aftrede
11. Finansiële advies
12. Belangrike kontakbesonderhede

1. Veranderinge aan USAF se Raad van Trustees

Adv. Fran du Plessis het in Februarie 2018 as werkgewer-verteenvoorder en voorsitter van die Raad van Trustees bedank. Ons kondig met groot genoë aan dat prof Niel Krige as die nuwe voorsitter van die USAF Raad van Trustees verkies is.

Ons verwelkom prof Prieur du Plessis, wat adv. Fran du Plessis as 'n werkgewer-verteenvoorder vervang. Hy is 'n direkteur van verskeie maatskappye.

2. Voorsittersverslag

Ek kyk graag terug oor die afgelope paar maande van 2018, met terugvoer oor wat die afgelope jaar in die Fonds gebeur het.

In April 2018 het die Raad van Trustees die buitelandse komponent van die Groeiportefeulje verhoog om beleggingsopbrengste te maksimeer. Die uitbreiding van die buitelandse komponent het gelei tot 'n verbetering in die Groeiportefeulje se opbrengste teenoor die ooreengekome maatstawwe, ten spyte van onseker ekonomiese en politieke toestande.

Die gouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2017 is deur die Raad van Trustees goedgekeur en by die Gedragsowerheid

van die Finansiële Sektor (FSCA) ingedien. Die ouditeure het 'n ongekwalifiseerde auditverslag uitgereik.

Ons herinner jou aan die verstek-lewensfase beleggingsportefeulje van die Fonds. Jy kan meer oor die impak van vroeë onttrekking by aftrede in afdeling 8 en die opsies van die Fonds by aftrede in afdeling 10 van die nuusbrië lees.

In die vorige nuusbrië het ons jou ingelig oor die verstekregulasies waaraan alle bestaande fondse teen 1 Maart 2019 moet voldoen. Die Raad van Trustees is besig om hierdie verstekstrategieë vir die Fonds te ontwikkel. Die volgende nuusbrië sal meer inligting hieroor insluit.

Groete

Prof N Krige
Voorsitter



3. Finansiële state

Die geouditeerde finansiële state vir die jaar geëindig 31 Desember 2017 is gedurende Junie 2018 aan die oudit- en risikobestuur-subkomitee van die Raad van Trustees voorgelê. USAF se eksterne ouditeure, PwC, het 'n ongekwalifiseerde ouditverslag uitgereik. Die Raad van Trustees het op aanbeveling van die oudit- en risikobestuur-subkomitee die finansiële state goedgekeur en die finansiële state is voor die keurdatum, 30 Junie 2018, by die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA) ingedien.

4. Beleggings van die Fonds

Onlangse wetsveranderings stel aftreefondse in staat om tot 'n maksimum van 30% (voorheen 25%) in buitelandse (internasionale) bates te belê. USAF het met ingang van 1 April 2018 die buitelandse blootstelling van die Groeiportefeulje tot 30% verhoog. Hierdie verandering aan die batetoewysing sal diversifikasie van bates verhoog om die opbrengste van die Groeiportefeulje te verbeter.

Die Groeiportefeulje bestaan uit beide 'n plaaslike en 'n buitelandse komponent. Die plaaslike komponent is in gelyke dele tussen die volgende beleggingsbestuurders verdeel: Allan Gray, Coronation en Investec. Die buitelandse komponent word deur Willis Towers Watson bestuur.

Die tabel hieronder som die Groeiportefeulje se opbrengste oor verskillende tydperke tot 30 Junie 2018 op:

Periode	Groeiportefeulje	Inflasie	Inflasie plus 5%	Portuurgroep-mediaan*	Portuurgroep-topkwartiel**
12 maande	10.13%	4.38%	9.38%	9.33%	9.95%
36 maande	9.24% p.j.	5.34 p.j.	10.34% p.j.	6.33% p.j.	6.81% p.j.
60 maande	11.33% p.j.	5.43% p.j.	10.43% p.j.	9.79% p.j.	10.82% p.j.

*Die portuurgroep-mediaan is die beleggingsbestuurder wat in die middel van sy portuurgroep presteer het. Dit gee 'n aanduiding van hoe ander aftreefondse oor dié tydperke kon gevaar het. Die portuurgroepmaatstawwe word van die Alexander Forbes-opname afgelei.

**Die portuurgroep-topkwartiel is die beleggingsbestuurders wat beter gevaar het as driekwart van hulle portuurgroep.

Dit is verblydend dat die opbrengste van die Groeiportefeulje oor al die metingsperiodes (12, 36 en 60 maande) beter as die topkwartiel-portuurgroep en die portuurgroepmediaan gevaar het.

Vir meer inligting omtrent al die opbrengste van die onderliggende beleggingsportefeuljes, besoek <http://www.retirementfundweb.co.za>.




5. Die Fonds se verstek-lewensfase beleggingstrategie en ander beleggingsopsies

Die Fonds bied jou 'n verstek-lewensfase beleggingsportefeulje waar jou geld outomaties uit 'n hoë-groei/hoë-risiko in 'n lae-groei/lae-risiko portefeulje ingefaseer word vanaf ses jaar voor aftrede.

Die lewensfase-strategie bepaal dat vanaf 1 Januarie in die jaar waarin die lid ouderdom 60 bereik, die volle fondskrediet by wyse van 25 kwartaallikse skuiwe uit die Groeiportefeulje in gelyke dele na die Aggressiewe en Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeuljes oorgeplaas word, sodat die fondskrediet by aftrede ten volle in gelyke dele (50/50) in die twee Absolute Opbrengsportefeuljes gehou word.

Die nuwe lewensfase-strategie word hieronder grafies verduidelik.



Die Fonds bied ook aan lede ander opsies as die lewensfase-strategie vanaf ouderdom 53 jaar en ouer.

Alle lede word 100% in die Groeiportefeulje belê tot op ouderdom 53.

Vier bykomende beleggingsportefeuljes is vir lede vanaf ouderdom 53 beskikbaar gestel om die beleggings van hierdie lede naby aftrede te belyn met beleggings wat geskik is vir annuïteit-produkte.

Vanaf ouderdom 53 is die volgende beleggingskeuses beskikbaar aan lede:

Groeiportefeulje

Aggressiewe Absolute - Opbrengsportefeulje

Konserwatiewe Absolute - Opbrengsportefeulje

Portefeulje wat verskansing teen rentekoerskommeling bied

Kapitaalbeskermingsportefeulje

Die Aggressiewe Absolute Opbrengsportefeulje en die Konserwatiewe Absolute Opbrengsportefeulje is geskik vir die in-fonds lewende annuïteite, asook vir die aankoop van lewende annuïteite buite die Fonds.

Die portefeulje wat verskansing teen rentekoerskommeling bied, is geskik vir die aankoop van gewaarborgde annuïteite buite die Fonds by aftrede.

Die Fonds bied 'n Shari'ah-keuse beleggingsportefeulje aan lede wat hulle fondskrediet volgens die beginsels van die Islamitiese geloof wil laat belê.

6. Sanlam Aftreefonds-webwerf en Sanlam-toep – jou toegang tot USAF

Ons moedig jou aan om op Sanlam se Aftreefonds-webwerf en Sanlam-toep te registreer om toegang te hê tot jou persoonlike besonderhede, en die beleggingsportefeulje-opbrengste en jou huidige fondskrediet te sien – alles met die klik van 'n knoppie 24/7. Jy sal al jou versekerings- en spaarprodukte by Sanlam kan sien via een portaal.

Hoe verkry ek toegang tot die Aftreefonds-webwerf (Retirement Fund Web)?

- Besoek www.sanlam.co.za. Klik op Login (regs bo) en kies Secure Services.
- Kies Register en gebruik jou fondslidmaatskapnommer (jou fondslidmaatskapnommer verskyn op jou voordeelstaat) of identiteitsnommer.
- Bevestig jou selfoonnommer en e-posadres.
- Kies 'n gebruikerskode / gebruikersnaam.
- 'n Tydelike wagwoord sal na jou selfoon gestuur word.

**Gebruik hierdie tydelike wagwoord om toegang te kry.
Verander die tydelike wagwoord aangesien dit slegs een keer gebruik mag word.**

Hoe verkry u toegang tot die toep? Laai die Sanlam My Retirement-toep af van Google Play Store of Apple App Store. Gebruik jou gebruikerkode en wagwoord vir Sanlam Secure Services om toegang te kry tot jou USAF-inligting.

7. Bedryfsnuus

Vanaf 1 April 2018 het die Raad op Finansiële Dienste (RFD) amptelik oorgeskakel na die Gedragsowerheid van die Finansiële Sektor (FSCA – Financial Sector Conduct Authority).

Die FSCA is die nuwe regulatoriese owerheid wat die finansiële diensbedryf – insluitend alle geregistreerde aftreefondse – beheer en daarvoor toesig hou. Die FSCA het 'n toesighoudende rol ten opsigte van finansiële instellings en diensverskaffers. Hierdie Owerheid (voorheen die Reguleerder genoem) is verantwoordelik vir die regulering van markgedrag, billike behandeling van finansiële kliënte en die bevordering van finansiële voorligting vir kliënte, wat regstreeks aansluit by die beginsels vir die billike behandeling van kliënte (BBK).

Billike Behandeling van Kliënte (TCF – *Treating Customers Fairly*) – 'n regulatoriese raamwerk wat deur die FSCA opgestel is en wat die wyse beheer waarop 'n finansiële diensverskaffer daaglikse interaksie met sy kliënte hanteer, om te verseker dat alle kliënte gedurende alle fases van die interaksie billik behandel word.

Die FSCA het 'n Kommissaris aan die hoof (voorheen bekend as die Registrateur). Hierdie pos word tans beklee deur mnr Abel Sithole, Voorsitter van die RFD-raad.

Een van die FSCA se funksies is om bedryfsstandaarde te stel. Hulle doen dit deur Regulatoriese Standaarde op te stel (wat voorheen as Pensioenfonds- of PF-omsendbriewe bekend gestaan het).

Nuwe terme wat met die oorskakeling na die FSCA in gebruik is:

RFD	FSCA
Reguleerder	Owerheid
Registrateur	Kommissaris
Pensioenfonds- of PF-omsendbriewe	Regulatoriese Standaarde

Vir meer inligting oor die FSCA, besoek gerus hulle amptelike webwerf by www.fsca.co.za.

8. Die impak van vroeë onttrekking op aftrede

Dit is 'n bekende feit dat, as 'n mens by onttrekking uit 'n aftreefonds jou aftreespaargeld as 'n kontantenkelbedrag neem, jou pensioen by aftrede kleiner gaan wees. Nie baie lede is egter bewus van wat die belastingimplikasies van vroeë kontantonttrekking(s) kan wees vir die kontantenkelbedrag wat hulle miskien wil neem wanneer hulle eendag aftree nie.

Hoe word die belasting betaalbaar op 'n kontantenkelbedrag bereken?

Alle enkelbedrae wat uit 'n aftreefonds ontvang word, word hetsy as 'n "onttrekkings-enkelbedragvoordeel" of as 'n "aftree-enkelbedragvoordeel" belas en die betrokke belastingkoerse word volgens die belastingtabelle hieronder toegepas.

Belasting op 'n onttrekkings-enkelbedragvoordeel

Indien jy **voor** aftrede uit die Fonds onttrek en jou voordeel as 'n kontantenkelbedrag neem, sal slegs die eerste R25 000 van jou onttrekkingsvoordeel belastingvry wees. Die res van die voordeel sal volgens die belastingtabel vir onttrekkings (sien langsaan) belas word.

Hierdie belastingvrye bedrag word **slegs een keer** toegestaan en enige latere enkelbedrag-onttrekkings in kontant, selfs uit aftreefondse waaraan jy in die toekoms kan behoort, sal ten volle belas word indien jy reeds voorheen R25 000 of meer onttrek het – d.w.s. die belastingvrye enkelbedrag geld vir die somtotaal van alle enkelbedrag-onttrekkings wat gedurende 'n lid se leeftyd ontvang is, insluitend egskeidingskikkings of onderhoudsbevele wat namens jou betaal is na 1 Maart 2009.

Verder sal hierdie kontantonttrekkings en enige ander latere kontantonttrekkings wat jy voor aftrede aangaan, ingesluit word by die belastingberekening van die kontantenkelbedrag wat jy miskien wil neem wanneer jy aftree.

Belasbare inkomstebedrag	Belastingkoers
R0 – R25 000	0%
R25 001 – R660 000	18%
R660 001 – R990 000	27%
R990 001 en meer	36%

Belasting op onttrekkings-enkelbedragvoordeel

Kom ons kyk hoeveel belasting afgetrek sal word waar lede die kontantenkelbedrag-opsie kies in plaas van om hulle voordeel te bewaar.

	Lid A	Lid B	Lid C	Lid D
Onttrekkingsvoordeel	75 000	200 000	880 000	2 750 000
Belastingvrye bedrag	25 000	25 000	25 000	25 000
Belasting afgetrek	(9 000)	(31 500)	(173 700)	(837 000)
Gemiddelde belasting-persentasie	(12%)	(15.75%)	(19.74%)	(30.44%)
Onttrekkingsvoordeel na belasting	66 000	168 500	706 300	1 913 000

Indien Lid A by 'n ander aftreefonds aansluit en sy fondskrediet ook R75 000 bedra wanneer hy daardie fonds verlaat, en hy weer kies om 'n onttrekkingsvoordeel as 'n kontantenkelbedrag te neem, sal hy soos volg belas word:

	Lid A
Onttrekkingsvoordeel	75 000
Belastingvrye bedrag	0
Belasting afgetrek	(13 500)
Gemiddelde belasting-persentasie	(18%)
Onttrekkingsvoordeel na belasting	R61 500

Belasting op 'n aftree-enkelbedragvoordeel

Indien jy besluit om 'n deel van jou Fondswaarde as 'n kontantenkelbedrag te neem wanneer jy aftree, is die eerste R500 000 van hierdie bedrag belastingvry. Die res van die voordeel sal volgens die aftreebelastingtabel vir onttrekkings (sien langsaan) belas word.

Hierdie belastingvrye bedrag geld egter vir die somtotaal van alle enkelbedragbetalings wat jy gedurende jou leeftyd ontvang het – d.w.s. dit sluit enige aftree-enkelbedrae in wat ontvang is uit ander pensioen-, voorsorg- of uittree-annuïteitsfondse waaraan jy miskien behoort, asook alle enkelbedrag-onttrekkings wat voor aftrede ontvang is (insluitend afleggingsvoordele), en enige egskeidingskikkings of onderhoudsbevele wat namens jou betaal is na 1 Maart 2009.

Hoe aanloklik dit ook al mag lyk om kontant te neem wanneer jy uit die Fonds onttrek, hou in gedagte dat elke onttrekking 'n beduidende belastingimpak op jou enkelbedrag by aftrede gaan hê.

By aftrede kan jy 'n deel van die fondskrediet of die volle fondskrediet as 'n kontantenkelbedrag neem. Enige enkelbedrag-onttrekkings in kontant wat voor aftrede geneem word, sal egter die bedrag verminder wat jy by aftrede belastingvry kan kry. Dit is omdat die belastingformule (of berekening) 'n dubbele negatiewe effek het indien die maksimum belastingvrye bedrag as 'n kontantenkelbedrag opgevera word. Eerstens verminder dit die belastingvrye bedrag wat vir jou beskikbaar is wanneer jy aftree – d.w.s. dit laat die R500 000 krimp tot 'n kleiner bedrag. Tweedens sal die enkelbedrag teen 'n hoër koers belas word, omdat dit die belasbare bedrag tot 'n hoër belastingkerf opstoot.

Belasbare inkomstebedrag	Belastingkoers
R0 – R500 000	0%
R500 001 – R700 000	18%
R700 001 – R1 050 000	27%
R1 050 001 en meer	36%

Kom ons kyk hoe vroeë onttrekking(s) jou enkelbedrag by aftrede kan beïnvloed

Lede E tot H het elk 'n aftreevoordeel van R1 800 000 en besluit om 'n kontantenkelbedrag van R600 000 te neem.

	Lid E	Lid F	Lid G	Lid H
Aftreevoordeel	R1 800 000	R1 800 000	R1 800 000	R1 800 000
Kontantenkelbedrag	600 000	600 000	600 000	600 000
Vorige belastingvrye bedrag ontvang	0	75 000	300 000	880 000
Maksimum belastingvrye bedrag	500 000	425 000	200 000	0
Belasbare bedrag op kontantenkelbedrag	100 000	175 000	300 000	600 000
Belastingaftrekking	(18 000)	(31,500)	(63 000)	(200 700)
Gemiddelde belasting-persentasie op kontantenkelbedrag	(3.00%)	(5.25%)	(10.50%)	(33.45)%
Kontantenkelbedrag na belasting	582 000	568 500	537 300	399 300

Jy sal opmerk dat, selfs al het Lede E tot H dieselfde kontantenkelbedrag by aftrede geneem, die onttrekkings wat hulle voor aftrede aangegaan het die belasting op die kontantenkelbedrag by aftrede beïnvloed het.

Dit is BELANGRIK om te ONTHOU dat indien jy jou onttrekkingsvoordeel voor aftrede as 'n kontantenkelbedrag neem, dit:

- 'n impak sal hê op die belasting wat jy by aftrede betaal, soos die voorbeelde hierbo wys; en
- 'n baie kleiner aftreevoordeel tot gevolg het.

9. Inligtingsessies oor finansiële welstand vir lede van 53 jaar en ouer

Wees op die uitkyk vir die uitnodiging na die kwartaallikse inligtingsessies oor finansiële welstand vir lede van 53 jaar en ouer. By hierdie sessie sal inligting verskaf word wat jou sal help om voor te berei vir die keuses wat jy voor en na aftrede moet doen. Lede sal ook inligting oor die beleggingsportefeuljes ontvang wat vanaf ouderdom 53 beskikbaar is, en die in-fonds lewende annuïteit-opsie wat USAF aanbied.

Dit is ook raadsaam om die finansiële adviesdiens te benut sodra jy hiervoor kwalifiseer (vanaf ouderdom 53).

10. Opsies by aftrede

Vanaf ouderdom 55 het lede die volgende opsies by aftrede by Universiteit Stellenbosch (US):

- **Uitgestelde aftrede tot maksimum ouderdom 70** – USAF bied jou die geleentheid om 'n lid van die Fonds te bly wanneer jy by US uit diens tree, en op dié manier jou aftreegeld te verhoog. Indien jy op uitgestelde aftrede besluit wanneer jy by US uit diens tree, sal jou fondskrediet in die Fonds belê bly terwyl jy inkomste uit 'n ander bron verkry. Jy kan besluit wanneer jy later uit die Fonds wil aftree, of liever wanneer jy kan bekostig om dit te doen.
US het ook aan werknemers wat uitgestelde aftrede gekies het en na aftrede op 'n tydelike grondslag weer deur US in diens geneem word, toestemming verleen om steeds tot die Fonds by te dra. Die werkgever sal egter nie hierdie bydraes as 'n belastingaftrekking toelaat nie. Die belastingvoordeel sal dus eers met die SA Inkomstediens se verwerking van jou belastingopgawe aan die einde van die belastingjaar ontvang word.
By jou dood sal jou fondsvoordeel ingevolge artikel 37C van die Pensioenfondswet hanteer word.
- **In-fonds lewende annuïteit** – USAF bied 'n in-fonds lewende annuïteit wat vir jou in staat stel om teen baie mededingende administrasie- en beleggingsfooie sonder haakplek van bydraende lid- na pensioenaris-status oor te skakel. As jy op die in-fonds lewende annuïteit besluit, hoef jy nie die Fonds by aftrede te verlaat nie. Die bedrag wat jy as 'n lid van USAF vir aftrede gespaar het en nie as 'n kontantenkelbedrag neem nie, word gebruik om 'n maandelikse pensioen te koop.
Jy kan kies tussen 'n trustee verstek- sowel as 'n pasgemaakte keuse lewende annuïteit-opsie. Die trustee verstek-opsie verteenwoordig die Raad van Trusteats se siening van die beste opsie vir 'n lid. Die onttrekkingskoerse is vas en geen beleggingskeuse word toegelaat nie. Daarenteen bied die pasgemaakte keuse opsie beleggingskeuses en groter buigsaamheid van onttrekkingskoerse.
'n Pensioenaris word toegelaat om tussen die trustee verstek-opsie en die pasgemaakte keuse opsie om te skakel. Pensioenarisse in die Fonds mag ook enige tyd na aftrede na 'n buite-opsie omskakel.
By jou dood sal jou fondsvoordeel ingevolge artikel 37C van die Pensioenfondswet hanteer word.
Die opsie vir individue om steeds finansiële advies van die paneel van goedgekeurde diensverskaffers te ontvang, is ook beskikbaar.
- **Annuïteite buite** die Fonds
- **Kontant.**

As jy belang stel om die lewende annuïteit- of uitgestelde aftree-opsie uit te oefen, kan jy met mnr Peter Kirsten van die Vergoeding- en Voordele-afdeling in verbinding tree vir meer inligting.

Die trustee ontwikkel tans 'n trustee-onderskrewe annuïteitstrategie in ooreenstemming met die verstekregulasies, wat 'n kostedoeltreffende produk sal wees wat bedoel is om lede te help om hulle aftreespaarfondse by aftrede in 'n inkomste te omskep.

11. Finansiële advies

Jou aandag word weereens daarop gevestig dat USAF 'n gratis finansiële adviesdiens aan lede bied. Lede van ouderdom 53 en ouer het toegang tot die diens. Veral lede wat oorweeg om vroeg af te tree en daarom individuele beleggingskeuses wil uitoefen, word aangemoedig om van die adviesdiens gebruik te maak.

Die paneel van voorkeur-diensverskaffers is:

Alexander Forbes Financial Planning Consultants:
+27 (0) 21 809 3750 / wesselsw@aforges.co.za

Efficient Wealth:
+27 (0) 21 914 8030 / martin@efw.co.za

Finfocus:
+27 (0) 21 861 7000 / usafadvies@finfocus.co.za

Graviton:
+27 (0) 21 883 9192 / arissik@gravitonwm.com

Sanlam Finansiële Advies:
+27 83 375 9831 / Hanlie.Wethmar@sanlam.co.za

USAF betaal vir twee konsultasies by een van die voorkeur-diensverskaffers. Die eerste konsultasie kan enige tyd vanaf ouderdom 53 plaasvind en die tweede in die 12 maande voor aftrede. Dit is eenvoudig om van die voordeel gebruik te maak.

Volg net hierdie stappe:

1. Besluit op 'n diensverskaffer.
2. Kontak Menlike Hulpbronne Kliëntedienssentrum (+27 (0) 21 808 2753 / sun-e-hr@sun.ac.za) om 'n konsultasie-koepon te bekom.
3. Maak daarna 'n afspraak met jou gekose diensverskaffer en neem die koepon saam as bewys dat jy die diens mag gebruik.

12. Belangrike Kontakbesonderhede

Indien jy meer inligting omtrent USAF benodig, kan jy die Vergoeding- en Voordele-afdeling of die Voordeelkonsultant kontak. Tree asseblief met die hoofbeampte in verbinding indien jy enige klagtes aangaande USAF het.

Hoofbeampte

Japie Kotzé
Tel: +27 (0)21 808 2754
Faks: +27 (0)21 808 2484
E-pos: jjsk@sun.ac.za

Voordeelkonsultant

Alfreda April
Tel: +27 (0)21 912 3316
E-pos: alfreda@simekaconsult.co.za

Vergoedings- en Voordele-afdeling

Peter Kirsten
Tel: +27 (0)21 808 3740
Faks: +27 (0)21 808 2484
E-pos: pkirsten@sun.ac.za

Pensioenfondsberegter (PFB)

E-pos: enquiries@pfa.org.za
Lede kan die PFB nader indien hul klagtes nie bevredigend deur die Fonds hanteer is nie. Raadpleeg asseblief die PFB se webblad (www.pfa.org.za) vir meer besonderhede.